PSALM 90 NGK MIEDERPARK 14/6/09

TEMA: GOD IS DAAR VAN DIE BEGIN TOT DIE EINDE Ds Okkie Cilliers

As ons oor tyd praat spekuleer ons. Want ons is binne die tyd vasgevang: ons kan nie vorentoe nie en ook nie agtertoe nie – al wat ons het is dat wat ons vandag sien. Die beste wat ons kan doen is **om te onthou** wat verby is **en te hoop en te droom** oor dit wat kom. Ons probeer dit met allerhande teorië ontsnap deur te probeer om in die tyd vorentoe of terug te gaan. Flieks wat vertel van die ellendes van die laaste dae wat kom net voordat 'n komeet die aarde tref; Dinousorusse wat weer lewend word en die aarde aan die einde bedreig en wonderlike helde wat die mens sal red, maak miljoene rande. Stories oor die einde maak mense bekommerd, want ons besef waartoe die mens se verstand in staat is en ons raak bang vir die wapens wat gemaak word. Die mens wil uit die gevangenis van vandag ontsnap en wil veral weet wat nog moet kom.

- Einstein se beroemde relativiteitsteorie het teorië skielik meer as net teorië gemaak: tyd kan stilstaan en selfs terug gedraai word as daar met die spoed van lig beweeg kan word. Die wetenskap word ingespan om uit die tyd te probeer ontsnap.

- Godsdiens word ook daarvoor gebruik: mense betaal ander mense wat oor sogenaamde gawes beskik om in kristalballe, kaarte en handpalms te kyk en selfs dooies op te roep om te voorspel wat gaan gebeur.

Ons is in die tyd vasgevang: ons kan nie vorentoe nie en ook nie terug nie. Al wat ons van die verlede en die toekoms kan sê is dit wat ***ons eie begin en einde*** raak. Dit wat voor my eie begin bestaan het en dit wat na my einde kom, is irrelivant.

- Voor my eie geboorte bestaan niks nie want ***ek was nie daar nie*** en ek kon dit nie self beleef nie. Ek kan bloot kennis daarvan neem en lees/luister hoe ander dit beleef het. My kennis daarvan is tweedehands omdat ek nie self daar was nie.

- Na my dood is gebeure ook irelevant want ek sal nie daar wees nie. Ek kan hoogstens net kennis neem van dit wat ***dalk mag kom want ek sal nie daar wees nie.***

Ons kennis en verstaan van tyd is baie beperk – ons hoor van tyd en tye wat wiskundig genoem en bereken word, maar die betekenis daarvan gaan by ons verby. Daar bestaan na raming meer as 1000 miljoen sterrestelsels in die heelal (waarvan ons sonnestelsel een is!), ons Melkweg is nagenoeg 100 000 ligjare breed (ligjaar = die afstand wat lig teen 300 000km/sek in een jaar trek). Die naaste ster aan ons is Alpha Centauri op 'n afstand van 4,3 ligjare... Ons sal nooit kan begryp hoe wyd en ver die begrip ***TYD*** strek nie!!

Waar is die begin?

Dis baie verder terug as my geboorte. Dit begin presies daar waar dit sê: ***by die begin***. Hoe dit aan die begin gelyk het, kan ons maar net raai. Daar was wel die Slimjan wat bereken het dat alles begin het op 'n Donderdag middag om 5:45nm 5631 jaar gelede; nog een het gesê dat dit in 'n oerknal van energie 600 miljoen jaar plaasgevind het… een spekuleer dat die moderne mens maar skaars 10 000 jaar oud is en uit 'n reptiel ontwikkel het. Dit lyk asof die meeste van die goed maar net 'n geraaiery is en dikwels nie veel meer is as wetenskaplike pogings om ongeloof te verdoesel nie! Die blatante foute wat hier gemaak is, is dikwels lagwekkend.

Waar is die begin?

By die begin – *en God was daar* (Gen 1 Open 1:8). Ons staan vasgevang in die tyd van vandag en probeer desperaat uitvind wat **daar** gebeur het en waarskynlik sal ons nooit enige antwoorde kry nie behalwe ons spekulasies nie. God was daar – en niks het gebeur sonder dat die Here se hande nie daarin was nie. Hy het nie spekuleer nie.

- Ons tydelike verstandjies kan die groot God van die verlede nie begryp of beskryf nie.

Alles begin by die begin – *en ek was ook daar* (Jer 1:5; Jes 43:1 e.a). Al was ek fisies nie daar toe die skepping in sy voeë aanmekaar gesit is nie, het daar dinge gebeur wat my lewe in die tyd van vandag raak. Die sondeval is een voorbeeld: min mense wil dit glo, maar iewers aan die begin het die mens sy rug op God gedraai toe hy uitgestap het op God om sy eie dinge te gaan doen – die sondeval het gekom en 'n totale skeiding tussen God en mens gebring. Sedert daardie tyd het God sy rug op die mens gedraai en is die mens hopeloos bestem vir 'n eindelose tyd in ellendes sonder God (Rom 3:23 en Efes 2:13).

- Of ek dit wil weet of nie -ek het 'n verlede wat my lewe vandag tot in die diepste wortels raak: die mens is 'n sondaar!

Ek is dus nie nou net **hier** nie – ek was daar by die begin. Ek is dus nie net die liggaam wat vandag hier sekere dinge doen en beleef nie omdat ek deel is van 'n klomp dinge wat in die tyd reeds gebeur het. Ja, God is van die begin af by my betrokke en God is besig met 'n plan van begin tot einde. Wie sonder God leef kan dit nie verstaan nie, want hy is nie ingeprop by die GROOT BEGIN nie en is 'n halwe (geen?) mens: hy sien net vandag raak en leef net vir vandag. Dit maak die tyd gevaarlik, want al die mooi van vandag word 'n verskriklike groot stuk verleiding omdat die mens vrede soek net vir NOU – hy wil dinge beleef wat hom nou gelukkig sal maak. Hy veroorloof hom allerhande plesiertjies en speel speltejies met mag, seks, geld, erkenning en ander dinge. Hiermee probeer hy 'n wêreld skep wat NOU sekuriteite verskaf. As dit wel gebeur voel hy goed en in beheer; maar as dinge verkeerd loop vreet bekommernisse hom op en hardloop hy gespanne rond om alles weer vir NOU in orde en onder beheer te kry.

- Een kyk na kinders van die Here se lewens en dis duidelik hoe hulle ook net vir vandag leef - luister na hulle gebede en hoor hoe draai hulle die Here se arm om hulle vandag gelukkig te maak.

Dis wonderlik as dit vandag goed gaan en die Here moet daarvoor gedank word! Maar die goed beteken nie veel want dit het nie wortels in die begin en einde nie – dis net vir vandag en daarom kan dit net so maklik môre verloor word. Slegs dinge wat in God se verlede en toekoms betekenis het, bly staande in die tyd. Bewyse daarvan is volop - daar is baie mense wat gister alles gehad het en vandag niks het nie, mense wat vandag alles het en môre niks gaan hê nie… en hul wêrelde val dan maklik in duie.

- Wie kan onthou wie 50 jaar gelede die wêreld se rykste mense was? Daar was 'n tyd toe Paul Getty, Howard Hughes en Channel se name op almal se lippe was en vandag is hulle vergete. Vandag praat mense van Bill Gates. Môre is ook hy vergete.

Wat is die einde?

Net dit wat dit sê: daar waar alles **STOP.** Dis die tyd waar alles ophou bestaan. Ons kan onsself dit nie indink nie omdat ons net vandag het waar alles bestaan en ons nie 'n tyd kan indink waar daar niks meer kan/sal bestaan nie.

<u>En God is steeds daar!</u> (Open 1:8; 21:6; 22:13, Mark 13:26,31 e.a.)

Ek kan nie oor die einde praat nie, want ek is nog nie **daar** omdat ek steeds **hier** in vandag is. Maar ek is op pad na die dag van môre toe en daar gaan beslis dinge met my gebeur, want die lewe bestaan nie uit vandag nie. Inteendeel; die dinge van vandag bepaal in 'n baie groot mate hoe môre gaan lyk. Voorbeelde daarvan is volop: mense werk hulle kaduks en skeep hulle kinders af ter wille van hulle werk. Die kinders word groot en raak rebelle en die verhoudings met ouers is baie swak… en die ouers wonder wat die rede kan wees. Huwelike breek op in die toekoms oor dinge wat vandag gebeur… en later wonder hulle flenters hoe dinge so verkeerd kon loop?!

- Hulle pluk die vrugte van die hede en verlede!

God is deel van die toekoms en ek is op pad na God se toekoms waar bepaalde dinge gaan gebeur! En die toekoms is nie "eendag ver, ver hiervandaan" nie. **Die dag na vandag is die toekoms - die uur na hierdie uur en die minuut na hierdie is die toekoms waarheen ek op pad is.** Let daarop dat ek *reeds* deel van daardie toekoms is – ek moet net seker maak of my toekoms deel van God se toekoms is. *En dit wat ek vandag doen wys of ek die regte keuses vir die regte toekoms gemaak het*

- Waarmee is jy vandag besig?

Ons probeer net so maklik uit die toekoms kom soos wat ons ons uit die verlede wil wikkel. Op die manier wil ons glo dat die onafwendbare van die lewe (soos die dood) net met ander sal gebeur – ons fondamente van vandag is vas op die sekuriteite wat ons gebou het! Mense is onvoorbereid vir die toekoms en maak eintlik net finansiële voorsiening vir die toekoms met polisse en beleggings en hoop dat dit voldoende sal wees.

- Jesus se woorde in Mat 6:33 is onstellend..

Toets jouself: maak 'n lysie van dinge wat jy hierdie afgelope 10 dae gedoen het. Hoeveel van daardie dinge is goed wat die "koninkryk van God gesoek" het? Hoeveel daarvan sal jy oor 6 maande van vandag nog kan onthou? Hoveel daarvan was van so 'n aard dat dit jou huweliksmaat/gesin se lewens verryk het/ skade aangedoen het? Hoeveel daarvan het vir jou vreugde gegee/ het jy jou oor vererg? Hoeveel daarvan sal jy saam met jou hemel toe kan neem…?

- Dis duidelik dat ons iewers perspektief verloor het omdat ons tyd mors met beuselagtighede.

As God se toekoms kom, waar gaan jy jou bevind? As die groot ewigheid kom, waar gaan jy jou oë oopmaak? Baie (die meeste?) wil dit nie glo nie dat daar iewers in die toekoms Boeke oopgemaak sal word met die name van die kinders van God daarin geskryf (Fil 4:3; Open 17:8; 21:27). Daar sal 'n opstanding wees waar almal voor die Here sal staan en diegene wat gewas is in die Bloed van die Lam sal saam met Hom gaan en die wat nie onder die Bloed is nie sal weggejaag word die buitenste duisternis in (Mat 25:31-36). Jou lewe vandag het ***reeds*** bepaal in watter baan jy die toekoms sal binnegaan. Maak daarom dringend seker waar jy vandag staan.

- As die Here jou vandag kom haal, waar gaan jy heen? Moenie *voel* of *hoop* dat jy reg is nie. In die woorde van Rom 10:9-10 moet jy vandag *weet* waar jy die res van die toekoms gaan deurbring.

Wat beteken al die dinge?!

God was daar, sal daar wees en is nou daar (Heb 13:8). Ons verstand is te klein om dit enigsins te begryp, maar God sien alles van die begin tot die einde op een slag. God het nie 'n verlede, hede of toekoms nie want Hy het nie tyd nie – ***God is*** (Eks 3:15) en sien alles (Ps 90:7-9). God is orals in tyd. Dit het verreikende betekenis: *Jesus Christus **IS** die verlede, die hede en die toekoms (Heb 13:8). Sonder Hom is ek verantwoordelik vir my eie verlede, hede en toekoms.*

Elkeen het 'n **verlede** – sommige is mooi en ander s'n aaklig. Dis daardie verlede wat die klagstaat voor God vorm en die oordeel van die Here is onafwendbaar. Daar het dinge

gebeur wat mense nie kan afskud nie en dit veroorsaak skuldgevoelens en laat mense dubbele lewens leef. Dikwels word hulle mense wat bitter is omdat hulle seer gekry het; krities teenoor ander omdat hulle lewens skeef geloop het; vertrou mense nie omdat hulle kinders/huweliksmaats op hulle uitgestap het; ontwikkel persoonlikheidsprobleme omdat hulle probeer kompenseer … Die verlede het spoke wat kleintjies kry en baie gevaarlik is.

Die verlede het voor God irrelivant geraak. Die rekords van die verlede is vernietig (Kol 2:14). Ek is werklik vry van die oordeel van die Here oor die verlede, skuldgevoelens hoef niemand verder op te vreet nie omdat God nie weer daaroor praat nie, bitterheid en kritiek kan laat vaar word, mense kan vergewe word vir dit wat hulle gedoen het, persoonlikheidsprobleme kan uitgestryk word… die kleintjies van die spoke van die verlede word in Christus dood gelê. Hou op leef met die verlede, want God het dit vergeet (Ps 103).

Elkeen het 'n **toekoms** – sommige droom mooi drome en ander sien net swart. Wat later vandag gaan gebeur weet ek nie, maar wat seker is, is dat daar HOOP is en dat die hoop in die lewende God NOOIT beskaam nie (Jes 35:1-2). God het beloftes in die verlede gemaak wat hy bewys het en daarom staan sy krag in die toekoms vas!

Elkeen het 'n **hede** - sommige is in so 'n emosionele, geestelike en fisiese oorlewingstryd dat hulle wonder oor die sin van die hede. Dis juis kinders van die Here wat hiermee worstel want hulle wil met die verlede klaarmaak en hul uitstrek na die toekoms (Fil 3: 3:13), maar loop hulle vas in mense en dinge se onverbiddelikheid. In ons en rondom ons is daar 'n gespartel en gesoek na reddingsboeie om aan vas te hou, en dit lyk asof daar nie iets is om aan vas te gryp nie. Dan sink mense. Die hede word 'n gevaarlike plek met sy bekommernisse oor so baie dinge.

Moenie by die NOU van die lewe vashaak nie, moenie dink dat wat nou gebeur die laaste is nie. Daar is 'n geskiedenis aan die skryf en jy is die hoofkarakter daarvan: ***jy is op pad*** en die pad is nie 'n doodloop straat nie. Of dit goed of sleg gaan - as jy net na vandag kyk, is jy besig om perspektief te verloor. En om perspektief te verloor is baie maklik. Voorbeelde is baie en kru:

Hy werk hom oor 'n boeg omdat hy op 40 wil aftree. As hy dit bereik het, sal hy die aandag aan sy gesin, kerk en ander belangrike dinge gee – dan gaan hy voluit leef. Maar sy vrou sien nie meer kans om saam met hom te leef nie. Hy het perspektief verloor… Sy sê dat sy misluk het as mens – dit gaan nie goed nie omdat sy haar werk verloor het en haar man haar nie verstaan nie. Haar planne om selfmoord te pleeg is fyn uitgewerk… Sy vergeet sy is op pad en het perspektief verloor… Hy ontrek hom al hoe meer van mense en lê homself 'n eensame ballingskap op. Hy kom nêrens nie omdat hy seer gekry het en voel daar is nie meer plek vir hom nie. Hy dink daaraan om van kerk te verander en ook sy werk te bedank… Hy vergeet hy is op pad en het perspektief verloor.

Moenie net by vandag stop nie: God is op pad met jou lewe. Moet nooit ‘n besluit maak as dinge vandag verkeerd geloop het en jy “down and out” is nie. Wie uitgeslaan is verloor perspektief en die besluite wat daar geneem word, kan maklik die verkeerdes wees omdat dit net vandag se seer/pyn sien. Onthou, God is op pad met jou.

- Die verhaal word vertel van Rocky Marciano wat swaargewig bokskampioen van die wêreld was. Een aand is hy liederlik bygekom, hoewel hy uiteindelik die geveg gewen het. ‘n persman wou weet hoe dit voel om aan die ontvangkant van slae te wees. Sy vrou wat help pleisters opplak het, het geantwoord: “Mister, a champion must learn to bleed a little.”

As die bloed in die lewe loop, gryp die Here vas en sê dat jy nie sal los voordat Hy sy beloftes van die verlede weer waar maak nie; dat jy vashou aan die hoop van die dag van môre… dat jy weet die Here is steeds besig om die verhaal van jou lewe te skryf!

Wag op die Here! Kyk terug na wat God gedoen het en hou vas aan Hom; kyk vorentoe en weet dat Hy Homself bewys het as *lewend en betrokke*. Wat die plan is en hoe die toekoms lyk en waar alles eindig, weet ek nie. Wat wel onbeweeglik vas staan is dat God weet wat Hy doen.

Dit gee hoop om vandag vas te gryp. Dit gee krag om vandag te probeer leef.

Amen.